WAAROM IS KEURING BY DIE NGUNI NOODSAAKLIK

Joernaal 2010

Michiel M Scholtz, 1LNR-Diereproduksie Instituut, Privaatsak X2, Irene 0062

Die Nguni keurders loop soms onder kritiek deur oor die keuring wat hulle uitvoer. In enkele gevalle mag die kritiek geregverdig wees, maar die meeste kritiek is waarskynlik omdat die belangrikheid van keuring by die Nguni nie begryp word nie. Hierdie gebrek aan begrip is gewoonlik by die telers, maar dit mag ook moontlik wees dat nie alle keurders presies besef waaroor keuring gaan nie. Hierdie artikel is daarop gemik om keuring in perspektief te stel en die belangrikheid van keuring by 'n ras soos die Nguni te beklemtoon.

Keuring word om die volgende redes gedoen:
1. Om rasegtheid te verseker
2. Om genetiese defekte te elimineer
3. Om funksionele defekte te elimineer en funksionele doeltreffendheid te bevorder

Rasegtheid

Dit is belangrik dat die Nguni aan sekere raseienskappe moet voldoen om rasegtheid te verseker. Daar moet egter daarop gelet word dat kunsmatige rasstandaarde ten opsigte van voorkoms nie oorbeklemtoon word nie. Die volgende is enkele voorbeelde van raseienskappe by die Nguni:

- Skof Die skof is kleinerig en lê nader aan die nek (voor die skouers). Dit bevat hoofsaaklik spierweefsel en daar is nie meer vetneerlegging in die skof as ander liggaamsdele nie.
- Ore Die ore is relatief klein met min hare aan die binnekant.
- Horings Die horings is rond en nie ovaal nie en donkerkleurig. Weglê horings kom as 'n reël nie by die Nguni voor nie. (Daar is egter 'n groot variasie in horingvorm wat in ag geneem moet word.)
- Nekvel Daar kom 'n kenmerkende keep in die nekvel voor.
  Skede 'n Rasegte Nguni toon nie 'n oormatige lang en vlesige skede nie.
  Stert Die stert is lank, dun en beweeglik.
- Haarkleed Lang haarkleed, kroes hare of wollerige somerkleed is nie aanvaarbaar nie
- Kop Te kompakte of oormatige lang kop is atipies (dit moet soos 'n Nguni kop lyk). Die voorkop moet redelik plat wees en nie konkaaf nie. Dit moet ook van die bek af breër word na die horings en nie 'n doodskis vorm hê nie.

Genetiese defekte

Die belangrikste sigbare genetiese defekte wat by die Nguni voorkom s:

- Albinisme Die dier kan as geheel albino wees of daar kan albino vlekke voorkom. Dit moet nie verwar word met pigment anders as swart soos bruin of amber of selfs 'n ligte pigment nie. Dit is eintlik baie maklik om albinos by alle rasse en species waar te neem, want daar is 'n totale bebrek aan pigment.
  Hipoplasie Een (gewoonlik links) of beide testes is onderontwikkel (bulle kan nog normale vrugbaarheid vertoon, maar vroulike diere se vrugbaarheid word benadeel omdat een of beide eierstokke onderontwikkel is).
- Gedraaide / skewe gesig (wry or twisted face) Dit is waar die gesig gedraai is. Dit moet nie met 'n skewe bek verwar word nie, wat 'n ontwikkelingsfout kan wees nie..
- Skewe / krom stert Die basis van die stert (stertwortel) se aanhegting aan die ruggraat is skeef (die volgende stap is 'n oop rugmurg wat letaal is)
- Laminitis Dit is die lang uitgroei van kloue. Dit moet nie verwar word met die effense uitgroei van kloue weens sanderige oppervlakke waar die natuurlike afslyting minder is nie.
- Kort of lang onderkaak (sulke diere kan nie normaal wei nie)
- Te klein, versmelte spene,misvormde of afwesige spene (speenvorm is hoogs oorerflik)

Funksionele defekte en funksionele doeltreffendheid

Van die kenmerke wat hier gelys word mag 'n genetiese basis hê, maar kan nie as 'n genetiese defek beskryf word nie, byvoorbeeld regop hakke of temperament word nie as genetiese defekte beskou nie. Hierdie groep kenmerke kan in drie groepe geplaas word, naamlik ontwikkelingsfoute, visuele eienskappe (gewoonlik met 'n genetiese basis) en funksionele doeltreffendheids-eienskappe. Hierdie kenmerke beinvloed dikwels produksie en \of bestuur en moet dus geelimineer word, of is bloot nie esteties aanvaarbaar nie.

Ontwikkelingsfoute

- Skewe bek
- Kriptorchidisme (een of albei testes nie in die scrotum)
- Aangebore kinkel in stert (boonste derde)

Visuele eienskappe

- Afwesigheid van bykloutjies
- Regophakkig
- Duiwelsgreep (geknyp agter blaaie)
- Hol- boggel- of kromrug
- Plat of dakkige kruis
- Byballe gedeeltelik afwesig (epididimus)
- Skrotum meer as 45° gedraai
- Lang swaaiende skrotum
- Te groot raam tipe
  (moet binne die verskillende ekotipes beoordeel word)
- Ponie tipe
- Oormatige fyn of swak skeletontwikkeling
- Wilde temperament

Funksionele doeltreffendheid

- Kambene wat vêr bo skouers uitstyg (Dit mag op verlaagde vrugbaarheid by vroulike diere dui)
- Te lang vlesige skede
- Te groot skede opening
- Swak uierontwikkeling en spene wat terug gedruk is in die uier

(kom voor by verse wat geen hitte vertoon nie)
- Bulle met 'n vroulike of osserige voorkoms
- Verse met 'n osserige voorkoms let veral op 'n swaar borsstuk wat op 'n hormonale wanbalans dui.
- Lang hare op die skrotum (dui op lae hormoon vlakke)
- Skrotum wat nie aan die minimum grootte voldoen nie.

Wat keurders moet doen
- Neem die feit in ag dat daar verskillende ekotipes binne die Nguni ras is
- Persoonlike voorkeure behoort geen rol te speel gedurende keuring nie
- Dit is moeilik (indien nie onmoontlik) om standaarde vas te pen tussen kuddes. Daar moet egter altyd daarna gestreef word om standaarde so konsekwent moontlik toe te pas
- Neem die omgewing en area in ag waar die diere aangehou word met inspeksies. Dit mag 'n invloed op die voorkoms van die diere hê (In 'n koue omgewing mag die diere meer wollerig wees)
- Maak seker dat die waarnemings korrek is ('n spesifieke kleurpatroon mag die illusie van 'n skewe gesig skep).
- Neem in ag dat sekere afwykings tydelik van aard mag wees ('n tydelike swelling aan een testis mag veroorsaak dat die twee testisse tydelik nie ewe groot is nie).

Wat telers moet onthou
- 'n Dier se genetiese samestelling kan nooit verander nie ('n dier met albinisme of 'n kort onderkaak sal dit nooit ontrgoei nie).
- Sekere genetiese defekte kom eers op 'n latere ouderdom te voorskyn (so mag hipoplasie eers op 'n latere ouderdom waargeneem word). Dit kan daartoe lei dat 'n bul wat by inspeksie goedgekeur is op 'n latere stadium by 'n veiling afgekeur word weens hipoplasie.
- Sekere ontwikkelings-foute soos 'n skewe bek kan later weer herstel of vererger.
- 'n Dier kan nie op 'n later stadium sy raseienskappe verwerf of verloor nie.

Andricas Nguni